

INHOUDSOPGAWE

1. Voorsittersverslag
2. Finansiële state: 31 Desember 2020
3. Markinsig
4. Beleggings van die Fonds
5. Die Fonds se verstek-beleggingstrategie
6. Beleggingsopsies
7. Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)
8. Hoe om 'n POPIA-klagte in te dien
9. Hoe om jou vervangingsverhouding te verhoog
10. T-Dag vanaf 1 Maart 2021: Hoe affekteer dit jou?
11. Veranderings in die betaling van jou nie-goedgekeurde groeplewensversekeringsdekking
12. Herroeping van Algemene Nota 18 (GN18) op 1 Maart 2021 beteken meer opsies vir afgetredenes
13. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF
14. Finansiële advies
15. Belangrike kontakbesonderhede

NUUSBRIEF

SEPTEMBER 2021

1. Voorsittersverslag

Daar is 'n ou gesegde wat lui dat dinge erger moet gaan voor dit beter gaan. Ek glo almal van ons hoop dat wat ons tot dusver beleef het, die ergste was en dat dit net beter kan gaan. My opregte meegevoel met lede wat geliefdes verloor het. Laat ons ook almal wat in 'n stryd met hierdie vernietigende virus gewikkel is, in ons gebede opdra om spoedig en ten volle te herstel. Ek wil ons lede, hul gesinne en gemeenskappe aanmoedig om by die COVID-19-gesondheidsprotokolle te hou.

Die Fonds se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 is geoudit deur Ernst & Young, wat 'n ongekwalifiseerde verslag uitgereik het. Die finansiële jaarstate is by die Gedragsoverheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

Inenting, wat na die beste verdedigingsmeganisme in die stryd teen COVID-19 lyk, is besig om op dreef te kom in Suid-Afrika en dit sal die grondslag lê vir die baie lang pad na ekonomiese en maatskaplike herstel. Beide ontwikkelde en ontlukende aandelemarkte het

sterk tekens van herstel getoon namate ekonomieë heropen het. Die Fonds het ook vir die 12 maande tot einde 30 Junie 2021 uitstekende inflasiewerende opbrengste op sy portefeuljes behaal.

Daar was vanjaar 'n aantal wets- en regulatoriese veranderinge wat die Fonds en ons lede direk raak. Ek wil lede aanmoedig om 'n tydjie af te knyp en te lees oor die aftreehervormings wat op 1 Maart 2021 (T-Dag) in werking getree het, asook die impak van die herroeping van Algemene Nota 18. Gesels asseblief met jou finansiële adviseur oor hoe dit jou finansiële beplanning kan raak.

Lees ook hoe die Fonds aan POPIA voldoen, en oor veranderinge in die betaling van die nie-goedgekeurde sterftevoordele.

Kom ons probeer almal gesond bly!

Vriendelike groete

Prof Niel Krige
Voorsitter

2. Finansiële state: 31 Desember 2020

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2020 is aan die Oudit- en Risikosubkomitee van die Raad van Trustees voorgelê. SURF se eksterne ouditeure, Ernst & Young, het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die Oudit- en Risikosubkomitee die finansiële state goedgekeur en die state by die FSCA ingedien.



3. Markinsig

Hoe het markte tot en met 30 Junie 2021 presteer?

Ekonome data wat onlangs vrygestel is, het gehelp om die positiewe wêreldwye groeivoorsig te ondersteun, hoewel die herstel in aktiwiteit in sommige streke inflasiedruk geskep het. Die Delta- en Beta-variante het die getal COVID-19-gevalle wêreldwyd laat toeneem, terwyl inentingskoerse regoor die wêreld steeds wissel, met die VS en Europa aan die voerpunt en ontluikende ekonomieë wat agterbly.


Ondanks die hindernisse, het internasionale aandele 'n hupstoot gekry met die heropening van ekonomieë, vordering met inentingsveldtogte en die vrystelling van positiewe maatskappy-verdienste. Die MSCI Wêreldindeks van Alle Lande het vir die kwartaal tot 30 Junie 2021 'n opbrengs van 7.5% in Amerikaanse dollar behaal. Ontwikkelde markte het ontluikende markte uitgestof. Die MSCI Wêreldindeks (wat ontwikkelde markte verteenwoordig) het 'n wins van 7.9% in Amerikaanse dollar behaal, terwyl die MSCI Indeks van Ontluikende Markte met 5.1% gestyg het gedurende die kwartaal. Amerikaanse aandelemarkte was besonder sterk en het die beste gevaar van die ontwikkelde markte. Die S&P 500 Indeks het met 8.5% gestyg vir die kwartaal.

Plaaslik bly die ekonome herstel broos terwyl COVID-19-verwante inperkings steeds ekonome aktiwiteit rem. Standard & Poor's en Fitch het tydens 'n hersiening in Mei SA se soewereine kredietgradering van BB- bevestig en hul negatiewe voorsig behou. Moody's het besluit om nie sy gradering van Ba2 vir die land se soewereine skuld aan te pas nie, en ons bly diep in rommelstatus.

Die plaaslike aandelemark het die kwartaal op 'n positiewe noot afgesluit. Die Beperkte SWIX was 0.6% hoër. Die SA genoteerde eiendomsektor het verder herstel – die Indeks van Alle Genoteerde Eiendom (ALPI) was 11.1% hoër vir die kwartaal en 25.6% vir die afgelope 12 maande. SA nominale effekte het 'n sterk kwartaalopbrengs van 6.9% behaal terwyl beleggers bereid was om groter tydskuur-risiko te aanvaar met inagneming van die steil opbrengskromme. Die drahandel het hervat en internasionale beleggers wou munt slaan uit die veel hoër opbrengste van SA effekte in vergelyking met dié van ontwikkelde markte. Inflasiegekoppelde effekte het net 3.0% aangeteken terwyl beleggers optimisties bly dat inflasie binne die band van 4% tot 6% p.j. sal bly. SA nominale effekte was die toppresterende plaaslike bateklas oor die vyfjaartydperk.

Die tabel hieronder toon die opbrengste van groot indekse in SA rand, oor verskillende metingstydperke tot 30 Junie 2021.

Belangrike indeksoopbrengste vir tydperke van tot 5 jaar




4. Beleggings van die Fonds

Groeiportefeulje

Die Groeiportefeulje bestaan uit beide 'n plaaslike en 'n buitelandse komponent. Die plaaslike komponent is in gelyke dele tussen die volgende beleggingsbestuurders verdeel: Allan Gray, Coronation en Ninety One. Neem asseblief kennis dat verskille in die bestuurders se beleggingsopbrengste van tyd tot tyd veranderings in toewysings aan bestuurders meebring. Die buitelandse komponent word deur Willis Towers Watson bestuur.

Die samestelling van die Groeiportefeulje volgens bestuurdertoewysings was op 30 Junie 2021 soos volg:

Bestuurdertoewysing



Tydperk	Groeiportefeulje (per jaar)	Verwysingsportefeulje (per jaar)	Inflasie plus 5% (per jaar)
12 maande	20.5%	18.2%	9.9%
36 maande	8.8%	7.5%	8.8%
60 maande	8.3%	6.6%	9.2%
Sedert 01/04/2009	12.7%	12.6%	9.9%

Die Groeiportefeulje het oor tydperke van 12, 36 en 60 maande beter gevaar as die verwysingsportefeulje, wat 'n baie gunstige uitkoms is. Die Groeiportefeulje het 'n uitstekende opbrengs van 20.5% oor een jaar behaal, en 'n baie goeie reële opbrengs van 7.8% p.j. sedert 01/04/2009.

Vir meer inligting omtrent al die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus <http://www.retirementfundweb.co.za>.

Ander beleggingsportefeuljes

Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste op SURF se ander portefeuljes (na aftrekking van fooie) tot 30 Junie 2021:

Portefeulje	Aanvangsdatum/ Begindatum van verslagdoening	Opbrengs oor 12-maande- tydperk	Inflasie oor 12-maande- tydperk	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie sedert aanvang (p.j.)
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	20.3%	4.9%	9.5%	4.2%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	15.1%	4.9%	9.1%	4.2%
Kapitaal-beskerming	01/04/2009	5.0%	4.9%	7.3%	4.9%
Shari'ah	01/12/2017	17.5%	4.9%	6.4%	4.1%

Hoewel dit nie in die tabel hierbo verskyn nie, het die Inflasiegekoppelde Effekteportefeulje oor die nege maande vanaf sy aanvang tot die verslagdatum 'n opbrengs van 10.6% behaal.

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se eenjaar-opbrengs van 20.3% was net effens minder as dié van die Groeiportefeulje. Die portefeulje se reële opbrengs was 5.3% p.j. oor die tydperk sedert aanvang (vier jaar en vyf maande), wat 'n uitstekende uitkoms oor hierdie tydperk is, as die strawwe marktoestande in ag geneem word.

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se eenjaar-opbrengs van 15.1% was uitstekend, met inagneming van die portefeulje se risikoprofiel. Die portefeulje se reële opbrengs van 4.9% p.j. sedert aanvang is uitstekend.

Teen die agtergrond van die lae rentekoers-omgewing, het die Kapitaalbeskerdingsportefeulje se opbrengs van 5.0% inflasie die afgelope jaar net-net geklop. Die portefeulje het 'n baie goeie reële opbrengs van 2.4% p.j. sedert 01/04/2009 behaal.

Die Shari'ah-portefeulje het 'n bevredigende eenjaar-opbrengs van 17.5% behaal. Die portefeulje het oor die tydperk sedert aanvang 'n reële opbrengs van 2.3% p.j. aangeteken.

Totale Onkosteverhouding (TOV) vir die jaartydperk geëindig 30 Junie 2021

Die geraamde Totale Onkosteverhouding (TOV) vir die Groeiportefeulje is 0.71% p.j. Die geraamde TOV's vir die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes is onderskeidelik 0.88% p.j. en 0.87% p.j.

Die TOV is 'n geannualiseerde waarde (tipies gemeet oor 'n deurlopende driejaartydperk of sedert aanvang, en uitgedruk as 'n %) en sluit die volgende in:


Jaarlikse batebestuursfooie, batebestuurderprestasiofooie (as daar is), bankkoste, ouditfooie, belasting (bv. BTW), bewaarder- en trusteefooie, en koste in verband met die uitleen van sekuriteite (as daar is).

5. Die Fonds se verstek-beleggingstrategie

Die Fonds bied jou 'n verstek-lewensfasebeleggingsportefeulje waar jou geld tot en met ses jaar voor die normale aftreedatum in die Groeiportefeulje belê word. Jou geld word dan outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko- in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer gedurende die tydperk tot die normale aftreedatum.

Volgens dié strategie word die fondskrediet vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas. Dit sal in gelyke dele oorgedra word, by wyse van 25 kwartaallike oordragte. Dit sal tot gevolg hê dat die fondskrediet op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Die lewensfase-strategie word hieronder grafies verduidelik:



As jy 60 word in 2022, sal jy in Oktober 2021 kommunikasie van SURF ontvang in verband met jou opsies.

6. Beleggingsopsies

Afgesien van die verstek-beleggingstrategie, bied SURF ook ander beleggingsopsies aan lede vanaf ouderdom 53.

As jy besluit om die Beleggingskeuse-opsie uit te oefen, kan jy vanaf ouderdom 53 kies om jou fondskrediet in die volgende portefeuljes te belê:



Neem asseblief kennis: Hierdie model is geskik vir lede wat gemaklik voel oor beleggingskonsepte, en om hul eie beleggingsbesluite te neem. Jy word aangeraai om finansiële advies by 'n gesertifiseerde finansiële adviseur in te win voordat jy jou beleggingskeuse uitoefen of tussen portefeuljes omskakel.

SURF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstop uit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

7. Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)

'n Paar belangrike vrae en antwoorde oor hierdie Wet.

Wat is POPIA?

Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPIA), het op 1 Julie 2020 in werking getree. Dié wet is daarop gemik om die reg op privaatheid in die Grondwet te bevorder, terwyl dit terselfdertyd die vloei van inligting beskerm en die reg van toegang tot en beskerming van inligting bevorder.

Hoekom moet SURF aan POPIA voldoen?

Die Fonds moet sekere van jou persoonlike inligting insamel en verwerk vir die doeltreffende administrasie van jou lidrekord, en daarom moes aftreefondse en soortgelyke instansies teen 30 Junie 2021 ten volle aan POPIA voldoen.

Watter tipe persoonlike inligting van lede word deur die Fonds ingesamel en verwerk?

Aktiewe lid	Oorlede lid: Boedel/begunstigdes/afhanklikes
Naam & van	Boedelbesonderhede:
Geboortedatum	Naam van eksekuteur en kontakbesonderhede
Identiteitsnommer	Boedelbankrekening
Geslag	Belastingnommer
Nasionaliteit	
Beroep	Afhanklikes/Begunstigdes se besonderhede:
Woonadres	Name & vanne van afhanklikes/begunstigdes
Posadres	Geboortedatums
Telefoonnommers	Identiteitsnommers
Inkomstebelastingnommer	Finansiële besonderhede
Salaris (Totale koste vir maatskappy)	Woonadresse
Dienstydperk	Werkbesonderhede
Bankrekeningnommer	Kontakbesonderhede
E-posadres	Bankrekeningnommers

Let asseblief daarop dat hierdie lysie nie volledig is nie en net 'n aanduiding gee.

Beteken dit ook dat jy toestemming moet gee elke keer wanneer die Fonds inligting insamel of verwerk?

Persoonlike inligting word volgens 'n wetlike verpligting deur die Fonds ingesamel, en daarom is vooraf toestemming van jou as lid nie nodig nie. Daar is beperkte gevalle waar jou vooraf toestemming nodig sal wees voordat persoonlike inligting gedeel kan word. Wees asseblief gerus dat die Fonds die nodige beheermaatreëls in plek het om te verseker dat vooraf toestemming verkry word.

Voorbeeld van wanneer jou toestemming nodig sal wees:

- As jy by bedanking of aftrede die hulp van 'n ander finansiële adviseur aanvra as die raadgewer/adviseur wat deur die Fonds aangestel is; of
- Waar jou begunstigdes by jou afsterwe deur 'n finansiële adviseur bygestaan word.

Kan jy toegang kry tot jou inligting wat deur die Fonds ingesamel is?

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (PAIA), gee uitvoering aan die grondwetlike reg van toegang tot inligting wat deur enige privaat of openbare instansie gehou word en wat nodig is vir die uitvoering of beskerming van die versoeker se regte. Die Fonds het 'n PAIA-handleiding by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien. Hierdie handleiding gee 'n oorsig van die rekords wat gehou word en die proses wat gevolg moet word om toegang tot sulke rekords te verkry.

Klik **hier** om die PAIA-handleiding af te laai.

Lede word herinner om, indien hul persoonlike inligting soos aangedui op enige van die Fonds se kommunikasie – soos voordeelstate – verkeerd is of verander het, asseblief die Menslike Hulpbronne-afdeling te kontak by sun-e-hr@sun.ac.za.

8. Hoe om 'n POPIA-klagte in te dien

As jy enige kwelvrae het oor 'n spesifieke proses/situasie waar jy meen dat jou persoonlike inligting sonder jou toestemming ingesamel/gedeel is, of as jy 'n klagte het wat verband hou met die verwerking van jou persoonlike inligting of 'n skending van jou regte, kontak gerus die Inligtingsbeampte direk, om die Fonds 'n geleentheid te gee om die saak vinnig en doeltreffend intern te hanteer.

Naam van Inligtingsbeampte: Jacob Johannes Sarel Kotzé

E-pos: jjsk@sun.ac.za

Telefoonnommer: +27 (0) 21 808 2754

Indien jou klagte nie opgelos word nie, kan jy die klagte op die voorgeskrewe wyse en vorm aan die Inligtingsreguleerder rig en daarop aandui hoe die beskerming van jou persoonlike inligting aangetas is.

Die adres van die Inligtingsreguleerder is:

Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika)

Hoofdstraat 33

Forum III

3de Verdieping

Braampark

Posbus 31533

Braamfontein

Johannesburg

2017

Klagtes – E-posadres: complaints.IR@justice.gov.za

E-posadres vir algemene navrae: infoereg@justice.gov.za

9. Hoe om jou vervangingsverhouding te verhoog

Jy het vroeër vanjaar 'n projeksiestaat van die Fonds ontvang. Indien jou geraamde pensioenverhouding (GPV) 50% of minder van jou pensioengewende salaris by aftrede is, beteken dit dat jy by aftrede 'n pensioeninkomste sal kry van minder as die helfte van die pensioengewende salaris wat jy net voor jou aftrede verdien het (en wat minder as 40% van jou totale koste vir die maatskappy kan wees).

Wat kan jy doen om jou vervangingsverhouding te verhoog?

Jy kan 'n hoër bydraekoers kies (bydraekoerse word met intervale van 2.5% verhoog) om dus meer vir aftrede te spaar en op dié manier jou GPV te verhoog.

Indien jy jou bydraekoers tot 35% opstoot, kan jy ook addisionele vrywillige bydraes (AVB's) van enige bedrag tot jou aftreespaarfonds lower. Hierdie addisionele bydraes tot jou aftreefonds sal direk deur die werkgewer se betaalafdeling van jou salaris afgetrek word.

AVB's stel jou in staat om jou aftreespaarfonds te verhoog, en geen administrasiefooi is daarop betaalbaar nie. Dit beteken dit kos jou niks om addisionele vrywillige bydraes tot SURF te lower nie. Jy sal baat vind by die gunstige beleggingsfooie as gevolg van skaalvoordele wat met die kollektiewe grootte van die Fonds se belegging verkry word. Die AVB's sal in dieselfde beleggingsportefeulje as jou fondsbydraes belê word en verdien dus dieselfde beleggings-opbrengste. Dit beteken jy trek voordeel uit stewige beleggingsopbrengste wat belastingvry is.

ONTHOU:

Bydraes tot aftreespaarprodukte is belastingaftrekbaar tot 27.5% van "besoldiging" of "belasbare inkomste", wat ook al die grootste is, onderhewig aan 'n maksimum van R350 000 per jaar. SURF laat lede toe om tot 35% van pensioengewende salaris by te dra. Pensioengewende salaris is 75% van totale koste vir die maatskappy, en is dus min of meer dieselfde as 27.5% van besoldiging of belasbare inkomste soos deur die SA Inkomstediens toegelaat word.

Gebruik die **Retirement Calculator** op Sanlam se aftreefonds-webwerf om te sien watter uitwerking jou *bydraekoers*, *beleggingskeuse* en *aftree-ouderdom* op jou pensioen sal hê wanneer jy die normale aftreedatum bereik, wat as jou geraamde pensioenverhouding uitgedruk word.

Spaar vir jou aftrede is 'n langtermynplan. Benut die voordeel van saamgestelde beleggings-opbrengste deur nooit jou aftreespaargeld in kontant om te sit voordat jy aftree nie. Aftrede lyk miskien ligjare ver, maar as jy elke maand net 'n bietjie ekstra wegsit in die vorm van 'n addisionele vrywillige bydrae, kan dit 'n groot verskil maak aan jou toekomstige pensioen.



ANNUÏTISERING VAN VOORSORGFONDSE

Sedert 1 Maart 2016 kwalifiseer voorsorgfondslede vir belastingaftrekkings op hul bydrae, soos dit nog altyd die geval was vir pensioenfondslede.

Dit is die tweede fase in die harmonisering van pensioen- en voorsorgfondse en het op 1 Maart 2021 in werking getree.

Die annuïtisering van voorsorgfondse bring die wyse waarop die betaling van aftreevoordele uit 'n voorsorgfonds hanteer word, in ooreenstemming met die reëls wat op 'n pensioenfonds van toepassing is.

WAT BETEKEN ANNUÏTISERING?

DIT IS WANNEER 'N ENKELBEDRAG-AFTREEVOORDEEL OF 'N DEEL DAARVAN GEBRUIK WORD OM 'N PENSIOEN TE KOOP WAT IN MAANDELIKSE BEDRAE BETAAL WORD

DIT IS WANNEER 'N ENKELBEDRAG-AFTREEVOORDEEL OF 'N DEEL DAARVAN GEBRUIK WORD OM 'N PENSIOEN TE KOOP WAT IN MAANDELIKSE BEDRAE BETAAL WORD

SCENARIO 1:

Jy is jonger as 55 op 1 Maart 2021

SCENARIO 2:

Jy is 55 of ouer op 1 Maart 2021

SCENARIO I

Jonger as 55 jaar
op 1 Maart 2021

SLEGS BYDRAES (INSLUITEND BELEGGINGSGROEI)
TOT JOU VOORSORGFONDS NÁ 1 MAART
SAL GERAAK WORD



Alle bydraes plus
beleggingsgroei
tot 1 Maart 2021.



Alle bydraes plus
beleggingsgroei
na 1 Maart 2021
tot met jou aftrede.



WANNEER JY AFTREE

Jy kan die volle
gevestigde gedeelte
van jou aftreevoordeel
in kontant neem.

By aftrede moet jy met
minstens twee derdes van
die nie-gevestigde gedeelte 'n
pensioen koop.



WANNEER JY NA 1 MAART NA 'N ANDER FONDS OORGAAN

Jou gevestigde gedeelte soos
op 1 Maart 2021 sal nog steeds
beskerm word.

Jou gevestigde en nie-gevestigde gedeeltes
sal in die nuwe fonds bewaar word. Alle
toekomstige bydraes plus beleggingsgroei vanaf die
oordragdatum sal aan jou nie-gevestigde gedeelte
toegeken word.

By aftrede moet jy met minstens twee
derdes van die nie-gevestigde gedeelte
'n pensioen koop. Jy kan dan jou volle
gevestigde gedeelte in kontant neem.



1 Maart 2021
Jy is jonger as 55



2022
Jy gaan oor na 'n nuwe fonds.



2029
Jy tree nou af uit die nuwe fonds.

INDIEN JOU NIE-GEVESTIGDE GEDEELTE MINDER AS R247 500 IS, HOEF JY NIE
'N PENSIEN TE KOOP NIE EN KAN JY JOU VOLLE AFTREEVOORDEEL IN KONTANT NEEM

SCENARIO 2

55 jaar oud of ouer
op 1 Maart 2021

WANNEER JY AFTREE

DAAR IS GEEN NIE-GEVESTIGDE GEDEELTE NIE – ALLES
WORD BESKOU AS JOU **GEVESTIGDE GEDEELTE**.

JY SAL NOG STEEDS JOU VOLLE AFTREEVOORDEEL
PLUS BELEGGINGSGROEI IN KONTANT KAN ONTVANG



WANNEER JY NA 1 MAART 2021 NA 'N ANDER FONDS OORGAAN

Jy is 56 en 'n lid van 'n
voorsorgfonds (1^{ste} fonds).

Jy gaan oor na 'n
nuwe fonds.

Jy tree nou af uit die
nuwe fonds.

1 Maart 2021



In 2022



In 2029



Alle bydraes plus beleggingsgroeï soos
teen 2022 (oordragdatum) kan by
aftrede in kontant geneem word.

Jou gevestigde gedeelte sal in die nuwe
fonds bewaar word. Alle toekomstige
bydraes plus beleggingsgroeï sal aan
jou nie-gevestigde gedeelte in die nuwe
fonds toegeken word.

By aftrede moet jy met minstens twee
derdes van jou nie-gevestigde gedeelte
'n pensioen koop.

INDIEN JOU NIE-GEVESTIGDE GEDEELTE **MINDER AS R247 500** IS, HOEF JY NIE
'N PENSIOEN TE KOOP NIE EN KAN JY JOU VOLLE AFTREEVOORDEEL IN KONTANT NEEM



Onttrekkingsvoordele

Annuïtisering is nie op onttrekkingsvoordele van toepassing nie. Indien jy jou
geld onttrek voordat jy jou aftree-ouderdom bereik, sal jy nie toegang tot
jou aftreespaargeld – beide die gevestigde en nie-gevestigde komponente –
geweier word nie.

11. Verandering in die betaling van jou nie-goedgekeurde groeplewensversekeringsdekking

Die Versekeringswet het voorheen die versekeraar toegelaat om die sterftevoordeel van die nie-goedgekeurde groeplewenspolis aan die polishouer – d.i. die werkgewer – te betaal. Die werkgewer het dan die begunstigdes geïdentifiseer en die voordele ooreenkomstig artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse toegeken.

Veranderinge aan die Versekeringswet (Wet 18 van 2017) vereis egter nou dat die nie-goedgekeurde sterftedekking direk aan begunstigdes uitbetaal word ooreenkomstig die oorlede lid se begunstigdebenoemingsvorm. Die versekeraar het die nie-goedgekeurde groeplewens-skema polis met 'n nuwe betalingsklousule bygewerk wat vanaf 1 Augustus 2021 in ooreenstemming met die wetswysiging is.

Wat beteken hierdie verandering?

Vanaf 1 Augustus 2021 word alle eise ten opsigte van die sterftevoordeel van die nie-goedgekeurde groeplewenspolis volgens die oorlede lid se begunstigdebenoemingsvorm uitbetaal. Waar 'n minderjarige kind benoem word om voordele volgens die nie-goedgekeurde groeplewens-skema te ontvang, sal die voordeel aan die kind se ouer of wettige voog, of aan 'n trust betaal word indien die lid/ouers so aangedui het.

Indien die oorlede lid nie 'n begunstigde benoem het nie, of waar die benoeming ongeldig is, moet die versekeraar die voordeel aan die oorlede lid se boedel betaal. Dit is nie ideaal nie, omdat dit sal beteken begunstigdes moet dan die lang en duur proses onderneem om die bestorwe boedel by die Meester van die Hoë Hof aan te meld vir bereddering, wat die aanstelling van 'n eksekuteur insluit. Die eksekuteur moet dan 'n distribusierekening opstel wat geadverteer moet word en ter insae beskikbaar moet wees. Hierdie uitgerekte proses is nie nodig indien lede hul begunstigdes duidelik identifiseer deur die benoemingsvorm in te vul nie. Kortom – betalings aan die werkgewer, wat nie die eindbegunstigde is nie, word nie meer deur die Versekeringswet toegelaat nie.

Wat vereis dit van jou?

Dit kom daarop neer dat dit nou belangriker as ooit tevore is dat jy 'n begunstigdebenoemingsvorm vir die nie-goedgekeurde groeplewensdekking (sterftevoordeel) invul. Die werkgewer sal die ingevulde begunstigdebenoemings-vorm hou. Indien die lid te sterwe kom, moet die benoemingsvorm saam met die eis ingedien word.

Onthou ook om jou begunstigdebenoemingsvorm op datum te bring wanneer daar ook al 'n lewensveranderende gebeurtenis plaasvind – soos egskending, die geboorte/aanneming van 'n kind, die dood van 'n benoemde.

Kontak Menslike Hulpbronne (Kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) vir meer inligting oor hoe om jou begunstigdebenoemingsvorm op datum te bring.

12. Herroeping van Algemene Nota 18 (GN18) op 1 Maart 2021 beteken meer opsies vir afgetredenes

Volgens GN18 is 'n lid nie toegelaat om 'n kombinasie van 'n annuïteit wat deur die Fonds verskaf word (in-fondsannuïteit) en 'n annuïteit wat by 'n versekeraar gekoop word (d.w.s. buite die Fonds) te kies nie. Die herroeping van GN18 op 1 Maart 2021 beteken dat bogenoemde nou toegelaat word, en dat 'n lid nou die keuse het van 'n kombinasie van 'n in-fondsannuïteit en 'n annuïteit wat by 'n versekeraar gekoop word. Dit sal aan die voorwaardes onderhewig wees wat volgens regulasie voorgeskryf word.

Die Fonds-goedgekeurde annuïteitstrategie het drie vlakke, en na gelang van 'n lid se fondskrediet, bied die strategie die volgende riglyne:

Vlak 1 – Lede met 'n lae fondskrediet (riglyn van minder as R2 miljoen):

'n Inflasiegekoppelde lewensannuïteit wat daarop gemik is om 'n lewenslange pensioen vir die lid se basiese behoeftes te voorsien. Die lewensannuïteit moet buite die Fonds gekoop word.

Vlak 2 – Lede met 'n middelgroot fondskrediet (riglyn van tussen R2 miljoen en R5 miljoen):

'n Kombinasie van 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit en 'n lewende annuïteit wat 'n lewenslange gewaarborgde inkomste vir basiese behoeftes bied, en 'n beleggingsrekening vir verdere kapitaalgroei en addisionele inkomste bo basiese behoeftes. Met die herroeping van GN 18 kan 'n lid nou die in-fonds lewende annuïteit met 'n inflasiegekoppelde lewensannuïteit buite die Fonds kombineer. Lede kan ook beide die lewende annuïteit en die lewensannuïteit buite die Fonds koop.

Vlak 3 – Lede met 'n hoë fondskrediet (riglyn van meer as R5 miljoen):

'n Lewende annuïteit is gepas. Die Fonds bied 'n in-fonds lewende annuïteit wat beleggingsboustene vir kapitaalgroei en inkomste insluit. Lede kan ook die lewende annuïteite buite die Fonds koop.

Verder bied die Fonds aan afgetredenes 'n dokument wat kwotasies van drie voorkeurversekeraars bevat, benewens 'n kwotasie vir die in-fonds lewende annuïteit.

Gesels asseblief met jou finansiële adviseur om uit te vind watter opsie die beste vir jou sal werk, of as jy nog vrae het oor die opsies wat by aftrede vir jou beskikbaar is.

13. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se Aftreefonds-webwerf en die Sanlam-app (toepassing) te registreer om toegang te hê tot jou persoonlike besonderhede, en ook die beleggingsportefeulje-opbrengste en jou huidige fondskrediet te sien – alles met die klik van 'n knoppie, 24/7. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam via een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die Aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op *Login* (regs bo) en kies *Secure Services*.
- Kies *Register* en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerkode / gebruikernaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord aangesien dit slegs een keer gebruik kan word.

- Bewaar die webwerf as 'n gunsteling (favourite) in jou blaaier vir maklike toegang.

Hoe kry ek toegang tot die app?

Laai die **Sanlam My Retirement** app af van Google Play Store of Apple App Store.

Gebruik jou gebruikerkode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou SURF-inligting.

14. Finansiële advies

Ons herinner jou dat SURF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van 53 en ouer het toegang tot hierdie diens. Veral lede wat vroeë aftrede oorweeg en individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om hierdie adviesdiens te benut.

Die paneel van voorkeurdienverskaffers bestaan uit:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:

+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@forbes.co.za

Efficient Wealth:

+27 (0) 21 914 8030 | andrew@efw.co.za

FinFocus:

+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:

+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:

+27 (0) 21 947 1028 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdienverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12 maande voor aftrede.

Dis maklik om die voordeel te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

15. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor SURF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree.

Kontak die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor SURF het.

Hoofbeampte	Japie Kotzé t. +27 (0)21 808 2754 e. jjsk@sun.ac.za
Inligtingsbeampte	Japie Kotzé t. +27 (0)21 808 2754 e. jjsk@sun.ac.za
Voordeelkonsultant	Alfreda April t. +27 (0)21 912 3316 e. alfreda@simekaconsult.co.za
Vergoedings- en Voordele-afdeling	Peter Kirsten t. +27 (0)21 808 3740 e. pkirsten@sun.ac.za
Pensioenfondsberegter (PFB)	e. enquiries@pfa.org.za Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.